
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**6 Februarie 2022**

---

## WELKOM BY ONS EREDIENS

**EREDIENSTYD: 9:00** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Teksvers:** 1 Tessalonisense 1 : 1-10

**Boodskap:** Mag God ons 'voorbeeld-gelowiges' maak!

## Eredienste : Covid 19

Weens Covid-19 word lidmate, wat nie fisies hier kan wees nie, uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens op Noordrand se YouTube-kanaal – kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat 'Live' wys:
https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.



## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk met jou verjaardag:**

**6 Feb:** Gert Vorster; Herman Venter
**8 Feb:** Deidré Vermeulen
**9 Feb:** Marietjie Lizamore; Isabella Steyn; Elise Wessels
11 Feb: Marelieze Gierke; Koos du Toit
12 Feb: Benita Stander; Alexander Gierke



Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg.

## Meelewing

***Tee / koffie – kerksaal***

Ons hervat vandag ons meelewing na die erediens rondom `n koppie tee of koffie in die kerksaal.  DKW – die Dinsdag-kuier-rondom-die-Woord – nooi almal nie net vir `n koppie tee of koffie nie MAAR ook vir `n stukkie koek!

***Covid-19***

Ons dank die Here vir sy groot genade in die afname van infeksies en vir die verslapping van die maatreëls.  Ons bid en vertrou dat daar spoedig `n einde sal kom aan die pandemie.

***Gesondheid***

Ons dank die Here dat Hannetjie Langhout se skoueroperasie goed verloop het.

Ons bid en vertrou dat die Here krag sal gee na kruis vir almal wat sukkel met hulle gesondheid.  Ons hou Riekie Kamfer (kanker), Jan du Plessis (kanker), Lofty Fourie en John Lizamore in ons gebede.

***Teeskinkbeurte:***

| | |
|---|---|
| 13 Feb: | Angeret Breedt; Leatitia van Wyk; Judy Möller |
| 20 Feb: | Drienie Vorster; Ina vd Berg; Esthel Venter |
| 26 Feb: | Gretha Dreyer; Christie Steyn; Jeanne Prinsloo |

Susters wat nog bereid is om tee te skink kan vir Jeanne ‘n whatsapp stuur asb.

## POPI WETGEWING

Ingevolge die nuwe Popi wetgewing vra ons dat indien daar enige lidmaat is wat nie wil hê ons moet hul inligting bekend maak in die nuusbrief of telefonies met verjaarsdae of meelewing nie, asb die kerkkantoor vewittig.  Die kantoor doen ook alles in hulle vermoë om lidmate se inligting te beskerm en nie bekend te maak aan enige persoon nie.

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 22:17

Wie plesier voorop stel, word arm;
wie lief is vir wyn en lekker kos, word nie ryk nie.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**KERK SELFOON:** 071 403 4104
**ADM BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Vakant
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

Maak ander mense se laste minder,
dan sal jou eie lewe nie nutteloos wees nie.***- Charles Dickens -***

## Houtwerk

Ek maak en verkoop klein en groot hout items. Ek maak ook hout tuin meubels. Skakel my gerus vir enige hout item wat jy wil hê en ek sal vir jou daarna kyk. Ek sal ook self kyk na ou meubels om dit te restoureer. Sarel Breedt

### ***Gebed is nie 'n geestelike Google-soektog nie***

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Wanneer mense na informasie oor enigiets of enigiemand soek, Google hulle dit sommer. Derduisende treffe volg dan binne millisekondes. Wel, gebed is nie die hemelse teenvoeter vir Google, waar ons teen rekordspoed antwoorde moet kry op al ons vrae nie. Ons storm nie by die hemelse troonsaal in met die doel om elke keer daar weg te loop met 'n gebedverhoring binne 'n nuwe rekordtyd nie. Nog minder is gebed 'n geestelike telbord, waar ons telling hou van al ons antwoorde. Of 'n eenstop hemelse verbruikersdiens. Ons bid nie bloot net om te ontvang nie - ons bid heel eerste om God te verheerlik. Hy is ons hemelse Vader. Ons kom keer op keer nederig tot rus aan Sy voete.

Ja, ons mag dinge van God vra, maar ons doen dit reg. Ons bid heel eerste om Sy naam te eer. Ons bid om Sy wil te laat gebeur. Ons bid om uitdrukking te gee aan ons liefde vir God. Daarom is ons gebede altyd deurdrenk met lof en aanbidding. Deur ons gebede ontdek ons algaande dat God ons genadig is op Sy eie terme en dat die grootste gebedsverhorings juis gebeur, wanneer ons Hom eer en aanbid.